10. Enigiemand aan wie 'n registrasiesertifikaat uitgereik is, moet die sertifikaat op 'n opvallende plek op die geregistreerde perseel laat aanbring en onderhou. Sodanige sertifikaat moet te alle tye in 'n leesbare toestand op dié plek in stand gehou word.

*Hernuwing van Registrasiesertifikaat of Spuitpermit.*

11. Daar moet uiterlik op die 15de dag van November van die jaar wat die jaar voorafgaan ten opsigte waarvan die hernuwing benodig word, aansoek om die hernuwing van die registrasiesertifikaat of spuitpermit gedoen word op 'n vorm wat deur die Raad verskaf word, en die voorgeskrewe geld, soos in Bylae 1 hierby uiteengesit is, moet die aansoek vergesel. Tensy die Raad na goeddunke dit verlang, word daar in die geval van 'n hernuwing van 'n registrasiesertifikaat of spuitpermit geen plan van die perseel kragtens artikel 4 vereis nie.

*Oordrag van Registrasiesertifikaat of Spuitpermit.*

12.(1) 'n Registrasiesertifikaat of spuitpermit mag deur een persoon aan 'n ander oorgedra word.

(2) Die persoon wat sodanige oordrag verlang, moet skriftelik by die Raad aansoek daarom doen op 'n vorm wat die Raad vir die doel verskaf. So 'n aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe geld, soos in Bylae 1 hierby uiteengesit is, asook van die registrasiesertifikaat of spuitpermit wat betrekking het op die perseel ten opsigte waarvan sodanige oordrag verlang word.

(3) Geen registrasiesertifikaat of spuitpermit is van een perseel na 'n ander oordraagbaar nie.

*Tydelike Opberging.*

13.(1) Die Raad kan enigeen wat verlang om meer as 50 liter vlambare vloeistof Klas A, of meer as 400 liter vlambare vloeistof Klas B, wat vir of in verband met uitgrawingswerk, bouwerk, padaanleg of ander soortgelyke werk van 'n tydelike aard benodig word, op te berg, skriftelik vir sodanige tydperk as wat hy dit nodig ag, van die bepalings van artikel 6, vrystel: Met dien verstande dat —

(a) daar skriftelik op 'n vorm wat van die Raad verkrygbaar is, by die Raad aansoek gedoen word;

(b) daar behoorlik voorsorg getref is om die houers van sodanige vlambare vloeistof te omring met mure of walle van so 'n aard dat die vlambare vloeistof nie ten gevolge van brand of andersins, deur die mure of walle kan ontsnap nie; en

(c) daar minstens een doeltreffende chemiese brandblustoestel van die droë chemiese tipe, soos in artikel 26 uiteengesit is, verskaf word.

(2) Enigiemand aan wie daar 'n vrystelling kragtens subartikel (1) verleen is, moet te alle tye sorg dat —

(a) all reasonable precautions are taken to prevent any fire, flame or other agency likely to ignite flammable liquid or flammable liquid vapour being brought into contact with such flammable liquid or its vapour;

(b) such flammable liquid is not placed within 4,5 m of any protected work or public thoroughfare; and

(c) the provisions of subsection (1) (b) and (c) are observed.

*Installation and Erection.*

14. (1) Immediately the installation of any pump, storage tank, filling device, dry-cleaning room, store, mixing room, spray room or other premises intended for the storage, use, or handling of flammable liquid has been completed, the occupier of the premises shall notify the Council in writing on a form to be obtained from it of the date on which the work will be ready for inspection.

(2) No person shall use or cause or permit to be used such pump, storage tank, filling device, dry-cleaning room, store, mixing room, spray room or other premises for the storage, use or handling of flammable liquid until such person is in possession of a certificate of registration relating thereto.

*Additions and Alterations to Registered Premises.*

15. (1) No additions or alterations to any existing registered premises shall be made unless and until a plan of the existing premises, together with the proposed work, shall have been submitted to the Council and approved by it in writing.

(2) Such plan shall be in accordance with the provisions of section 4.

*Removal and Dismantling.*

16. (1) Any person who removes or causes or permits to be removed any pump, storage tank or filling device from any registered premises, other than a bulk depot, shall give notice of such removal in writing to the Council on a form to be obtained from it.

(2) The removal of any such pump, tank or filling device from any registered premises shall *ipso facto* cancel the certificate of registration insofar as it refers to such pump, tank or filling device, as the case may be, together with any other authority including any exemption granted in terms of these by-laws and no such pump, tank or filling device shall be re-erected on such premises unless and until a new certificate of registration has been obtained in the manner provided in terms of these by-laws: Provided that the provisions of this section shall not apply in respect of any such pump, storage tank or filling device which is temporarily removed for the purpose of effecting repairs thereto.

*Storage, Use and Handling on Registered Premises Prohibited in Certain Circumstances.*

17. Except as otherwise provided in these by-laws, no person shall store, use or handle, or permit or cause to be stored, used or handled any flammable liquid on any registered premises —

(a) where such flammable liquid or its vapour comes or is likely to come into contact with any fire, flame,

(a) daar alle redelike voorsorg getref word om te voorkom dat 'n brand, 'n vlam of 'n ander middel wat vlambare vloeistof of vloeistofdampe aan die brand kan laat slaan, in aanraking met sodanige vlambare vloeistof of die dampe daarvan gebring word;

(b) sodanige vlambare vloeistof nie binne 4,5 m van 'n beskermde gebou of openbare verkeersweg geplaas word nie; en

(c) die bepalings van subartikel (1) (b) en (c) nagekom word.

*Installasie en Oprigting.*

14. (1) Onmiddellik nadat 'n pomp, opbergtenk, vultoestel, droogskoonmaaklokaal, pakkamer, menglokaal, spuitlokaal of ander perseel wat vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof bedoel is, klaar opgerig is, moet die okkupant van die perseel die Raad skriftelik op 'n vorm wat by die Raad verkrygbaar is, verwittig van die datum waarop die werk vir inspeksie gereed is.

(2) Niemand mag so 'n pomp, opbergtenk, vultoestel, droogskoonmaaklokaal, pakkamer, menglokaal, spuitlokaal of ander perseel vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof gebruik, laat gebruik, of toelaat dat dit daarvoor gebruik word nie, alvorens so iemand 'n registrasiesertifikaat wat daarop betrekking het, besit.

*Aanbousels en Veranderings aan 'n Geregistreerde Perseel.*

15. (1) Geen aanbousel of verandering mag aan enige bestaande geregistreerde perseel aangebring word nie, tensy en alvorens 'n plan van die bestaande perseel, asook van die voorgestelde werk, by die Raad ingedien en skriftelik deur hom goedgekeur is.

(2) Sodanige plan moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 4 wees.

*Verwydering en Demontering.*

16. (1) Enigiemand wat 'n pomp, opbergtenk of vultoestel van 'n geregistreerde perseel, uitgesonderd 'n grootmaatdepot, verwyder, laat verwyder, of toelaat dat dit verwyder word, moet die Raad skriftelik daarvan in kennis stel op 'n vorm wat by die Raad verkrygbaar is.

(2) Indien so 'n pomp, tenk of vultoestel van 'n geregistreerde perseel verwyder word, verval die registrasiesertifikaat *ipso facto* vir sover dit, na gelang van die geval, betrekking het op so 'n pomp, tenk of vultoestel, asook enige ander magtiging, insluitende 'n vrystelling, wat kragtens hierdie verordeninge toegestaan is, en geen sodanige pomp, tenk of vultoestel mag weer op die terrein opgerig word nie, tensy en alvorens 'n nuwe registrasiesertifikaat verkry is op die wyse wat kragtens hierdie verordeninge bepaal word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is in die geval van 'n pomp, opbergtenk of vultoestel wat tydelik verwyder word met die doel om herstelwerk daaraan te verrig nie.

*Opberging, Gebruik en Hantering op Geregistreerde Persele word onder Sekere omstandighede Verbied.*

17. Behoudens andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, mag niemand vlambare vloeistof op 'n geregistreerde perseel opberg, gebruik of hanteer, laat opberg, gebruik of hanteer nie —

(a) indien sodanige vlambare vloeistof of die dampe daarvan met enige vuur, vlam, oop lig, of 'n ander middel wat sodanige vlambare vloeistof of die dampe

naked light or other agency likely to ignite such flammable liquid or its vapour;

(b) unless such premises are so situated or constructed or so protected by surrounding walls as not to expose any adjoining premises, room, building, or other property to the risk of danger from fire;

(c) so situated as to prevent or impede the escape of any person or animal in the case of fire or otherwise;

(d) unless all equipment and apparatus used on such premises for the storage, use or handling of flammable liquid is maintained in good and proper order and free from leakage of flammable liquid; or

(e) unless such person has taken all due precautions for the prevention of accidents by fire or explosion on such premises, and for the prevention of unauthorized persons obtaining access to the flammable liquid kept thereon.

*Prohibition of Certain Acts.*

18. No person who stores, uses or handles or causes or permits to be stored, used or handled any flammable liquid on any premises shall do or cause or permit to be done any act which tends or is likely to cause fire or explosion.

*Notice to Discontinue Dangerous Method.*

19. (1) Where on inspection of any premises it appears that any method of storage, use, transport or handling of flammable liquid is in conflict with the provisions of these by-laws and is calculated to endanger the safety of the public or of any person employed in or on such premises, any duly authorized officer of the Council may require the immediate discontinuance of such method or the removal of the flammable liquid to a place of safekeeping.

(2) Any person failing to comply with any instruction of any duly authorized officer of the Council, issued in terms of this section, shall be guilty of an offence under these by-laws.

*Flammable Liquid Escaping into Drains.*

20 No person shall cause or permit flammable liquid to enter any sewer or inlet or drain communicating with any sewer or any surface water drain.

*Prohibition against Devices and Pumps in Basements.*

21. No person shall use or cause or permit to be used in any basement any device for spraying flammable liquid or any pump or other device for the issue or transfer of flammable liquid to vehicles or containers.

*Filling Operations.*

22. (1) No person shall transfer, other than at a bulk depot, any flammable liquid from or to any road tank wagon unless such transfer is carried out under seal and in the case of such wagon the engine thereof is stopped.

(2) The refuelling of aircraft at an aerodrome or landing ground may be performed from a road tank wagon equipped with an approved power pump: Provided that the engine or engines of such aircraft is or are stopped.

daarvan aan die brand kan laat slaan, in aanraking kom, of moontlik daarmee in aanraking kan kom;

(b) tensy sodanige perseel aldus geleë of gebou is, of so deur ringmure beskerm word, dat dit geen aangrensende perseel, vertrek, gebou of ander eiendom aan brand blootstel nie;

(c) indien dit so geleë is dat dit die ontkoming van 'n persoon of dier in die geval van brand, of andersins, verhinder of belemmer;

(d) tensy alle toerusting en apparate wat in sodanige perseel vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof, gebruik word behoorlik en deeglik onderhou word, en daar gesorg word dat geen vlambare vloeistof daar uitlek nie; of

(e) tensy sodanige persoon alle behoorlike voorsorg getref het om ongelukke weens brand of ontploffing op sodanige perseel te voorkom en te verhoed dat ongemagtigde persone toegang verkry tot die vlambare vloeistof wat daarop gehou word.

*Sekere Dade word Verbied.*

18. Niemand wat vlambare vloeistof op 'n perseel opberg, gebruik of hanteer, dit daar laat opberg, gebruik of hanteer, of toelaat dat dit geskied, mag 'n daad verrig, of toelaat dat dit verrig word, wat tot brand of 'n ontploffing kan lei, of wat dit moontlik kan veroorsaak nie.

*Kennisgewing om 'n Gevaarlike Metode te Staak.*

19. (1) Indien daar by ondersoek van 'n perseel blyk dat 'n metode waarvolgens vlambare vloeistof opgeberg, gebruik, vervoer of gehanteer word, in stryd met die bepalings van hierdie verordeninge is, en daar geag word dat dit die publiek of iemand wat in of op sodanige perseel werksaam is, aan gevaar blootstel, kan enige behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad eis dat sodanige metode onmiddellik gestaak word, of dat die vlambare vloeistof na 'n plek vir veilige bewaring verwyder word.

(2) Enigiemand wat in gebreke bly om aan 'n opdrag van 'n behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad, wat kragtens die bepalings van hierdie artikel uitgereik is, te voldoen, is ingevolge hierdie verordeninge skuldig aan 'n misdryf.

*Vlambare Vloeistof mag nie in Riole inloop nie.*

20. Niemand mag toelaat dat vlambare vloeistof in 'n riool of 'n inloop- of afloopvoor wat na 'n riool of 'n watervoor lei, inloop nie.

*Verbod op Toestelle en Pompe in Kelderverdiepings.*

21. Niemand mag 'n toestel om vlambare vloeistof mee te spuit, of 'n pomp of 'n ander toestel om vlambare vloeistof aan voertuie of houers te lewer of daarheen oor te bring, in 'n kelderverdieping gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit daar gebruik word nie.

*Vulwerksaamhede.*

22. (1) Niemand mag, elders as by 'n grootmaatdepot vlambare vloeistof van of na 'n tenkvragmotor oorplaas, tensy dit by wyse van verseëlde oorplasing geskied, en die enjin van so 'n tenkvragmotor afgeskakel is.

(2) Brandstof kan aan 'n vliegtuig op 'n lughawe of 'n landingsplek vanuit 'n tenk vragmotor wat met 'n goedgekeurde kragpomp toegerus is, voorsien word: Met dien verstande dat die enjin of enjins van sodanige vliegtuig afgeskakel is.

*Filling on or across Public Sidewalks.*

23. No person shall —

(a) take on or across any public sidewalk or cause or permit to be so taken the hose of a pump for the purpose of replenishing any vehicle or container with flammable liquid; or

(b) so replenish or cause or permit to be so replenished any vehicle or container which is standing on any public sidewalk.

*Replenished Fuel Tanks.*

24. (1) No person shall —

(a) upon any registered premises strike a match or smoke a pipe, cigar or cigarette or ignite a lighter or other similar contrivance or approach with any fire, flame, naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour within a distance of 3 m of any fuel tank of any motor vehicle whilst such fuel tank is being replenished or is open; or

(b) replenish or permit to be replenished any such fuel tank while the engine of such motor vehicle is in motion.

(2) All registered premises shall have prominent notice boards bearing the words "Danger — No Smoking" in letters not less than 75 mm in height in both official languages erected and such notice boards shall be maintained in such position and in a legible condition.

*Replenishing of Public Omnibuses.*

25. No person shall replenish or cause or permit to be replenished the fuel tank of any motor omnibus or carry, or cause or permit to be carried any flammable liquid in or on any motor omnibus except in the fuel tank thereof whilst any person, other than the driver or person responsible therefor, is within or upon such omnibus.

*Fire Appliances.*

26. (1) Except where otherwise provided in these by-laws, the person to whom the certificate of registration or permit has been issued in terms of these by-laws shall install or cause to be installed on all premises to which such certificate or permit refers in an easily accessible and visible position on a wall or other suitable position not less than 1 m above the level of the floor of the premises, fire extinguishers and fire buckets on the following minimum scale:—

One such fire extinguisher of the dry chemical type and two such fire buckets shall be installed for each filling station or single pump or other filling device, each flammable liquid store, each dry-cleaning room, each mixing room or each spray room on the premises.

(2) Such fire extinguishers shall be efficient dry chemical fire extinguishers, each of a capacity of not less than 9 kg: Provided that where the Chief Fire Officer is of the opinion, having regard to the particular circumstances of any case, that dry chemical fire extinguishers are not adequate, such other fire extinguishers as he may consider to be required by the particular hazard, shall be installed.

*Vulwerksaamhede op of oor Openbare Sypaadjies.*

23. Niemand mag —

(a) die slang van 'n pomp op of oor 'n openbare sypaadjie gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit aldus gebruik word, met die doel om 'n voertuig of houer met vlambare vloeistof vol te maak nie; of

(b) 'n voertuig of houer wat op 'n openbare sypaadjie staan, aldus volmaak of laat volmaak of toelaat dat dit volgemaak word nie.

*Brandstoftenks wat Volgemaak Word.*

24. (1) Niemand mag —

(a) op 'n geregistreerde perseel, 'n vuurhoutjie trek, of 'n pyp, sigaar of sigaret rook, of 'n sigaretaansteker of 'n andersoortgelyke toestel aan die brand steek, of met enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat moontlik vlambare vloeistof of die dampe daarvan aan die brand kan laat slaan, binne 3 m van 'n motorvoertuig se brandstoftenk af kom, terwyl sodanige tenk volgemaak word of oopstaan nie; of

(b) so 'n brandstoftenk volmaak of toelaat dat dit volgemaak word terwyl die enjin van so 'n motorvoertuig nog loop nie.

(2) Alle geregistreerde persele moet voorsien wees van opvallende kennisgewings met die woorde "Gevaar — Rook Verbode" duidelik in albei amptelike tale daarop in letters wat minstens 75 mm hoog is en moet te alle tye op so 'n plek en in 'n leesbare toestand in stand gehou word.

*Openbare Motorbusse wat van Brandstof voorsien Word.*

25. Niemand mag, terwyl daar enige ander persoon, uitgesonderd die bestuurder of die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, in of op 'n motorbus is, die brandstoftenk van sodanige motorbus volmaak, laat volmaak of toelaat dat dit volgemaak word, of toelaat dat vlambare vloeistof in of op sodanige motorbus vervoer, laat vervoer, of toelaat dat dit aldus vervoer word, uitgesonderd in die brandstoftenk daarvan nie.

*Brandblustoestelle.*

26. (1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, moet die persoon aan wie die registrasiesertifikaat of permit kragtens hierdie verordeninge uitgereik is, op alle persele waarop sodanige sertifikaat of permit betrekking het, op 'n maklik toeganklike en sigbare plek aan 'n muur of op 'n ander geskikte plek wat minstens 1 m bokant die oppervlak van die perseel se vloer is, brandblustoestelle en brandemmers volgens die onderstaande minimum skaal aanbring of laat aanbring:—

Een sodanige brandblustoestel van die droë chemiese tipe en twee sodanige brandemmers moet ten opsigte van elke vulstasie, of enkele pomp, ander vultoestel, vlambare vloeistof pakkamer, droogskoonmaaklokaal, menglokaal, of spuitlokaal op die perseel aangebring word.

(2) Sodanige brandblustoestelle moet doeltreffende droë chemiese brandblustoestelle wees wat elkeen 'n inhoudsvermoë van minstens 9 kg het: Met dien verstande dat waar die Brandweerhoof, met inagneming van die besondere omstandighede van 'n geval, van mening is dat die brandblustoestelle van die droë chemiese tipe nie voldoende is nie, moet sodanige ander brandblustoestelle wat hy vir die besondere gevaar nodig ag, geïnstalleer word.

(3) Every fire bucket shall be constructed of metal and shall be of a capacity of not less than 9 litres, and painted red with the word "FIRE" painted in white and legibly maintained thereon and filled with dry sand.

(4) Where, in terms of these by-laws, any chemical fire extinguisher is required to be installed, such extinguisher shall be a vessel or machine manufactured as a fire appliance and shall withstand internal hydraulic tests approved of by the Chief Fire Officer.

(5) The person to whom a certificate of registration, spray permit or transport permit has been issued in terms of these by-laws shall maintain at all times on the premises or vehicle to which such certificate or permit relates —

(a) all fire extinguishers, buckets, appliances and alarms in accordance with the provisions of these by-laws; and

(b) all such equipment in good order and ready for immediate use.

*Examination of Fire Appliances.*

27.(1) Where, in terms of these by-laws, any chemical fire extinguisher, fire fighting equipment, or fire alarm has been installed on any premises, the occupier of such premises shall cause such fire extinguisher, equipment or alarm to be examined once every 12 months by the manufacturers thereof of their duly authorized representative or other qualified person.

(2) Every such fire extinguisher, all such equipment and every such alarm shall bear a label on which such person examining it shall endorse his name, the date of examination and the condition, in his opinion, of the fire extinguisher, equipment or alarm at that date.

*Reporting Accidents.*

28. The occupier of any premises shall immediately report to the Council any fire or accident involving flammable liquid that has occurred in connection with any such premises where such fire or accident has resulted in damage to any property or injury to any person.

*Rules to be observed on Premises not required to be Registered in Terms of these By-laws.*

29.(1) No person shall store, use or handle or cause or permit to be stored, used or handled any flammable liquid on any unregistered premises unless such flammable liquid is stored, used or handled in such a place or in such a manner that —

(a) no flammable liquid or its vapour comes or is likely to come into contact with any fire, flame or naked light or other agency likely to ignite such flammable liquid or its vapour; or

(b) in the case of fire the escape of persons or animals will not be prevented or impeded.

(2) No person shall use or handle or cause or permit to be used or handled any flammable liquid on unregis-

(3) Elke brandemmer moet van metaal vervaardig wees met 'n inhoudsvermoë van minstens 9 liter, en rooi geverf met die woord "BRAND" in wit daarop geverf, en moet leesbaar in stand gehou word en met droë sand gevul wees.

(4) Waar, daar kragtens hierdie verordeninge 'n chemiese brandblustoestel aangebring moet word, moet so 'n brandblustoestel 'n houer of apparaat wees wat as 'n brandblustoestel vervaardig is, en moet dit interne hidrouliese toetse wat deur die Brandweerhoof goedgekeur is, weerstaan.

(5) Die persoon aan wie daar 'n registrasiesertifikaat, 'n spuitpermit of 'n vervoerpermit kragtens hierdie verordeninge uitgereik is, moet te alle tye op die perseel of voertuig waarop sodanige sertifikaat of permit van toepassing is —

(a) alle brandblustoestelle, brandemmers, apparate en alarms ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordeninge; en

(b) al sodanige toerusting in 'n goeie toestand en gereed vir onmiddellike gebruik, in stand hou.

*Ondersoek van Brandblustoestelle.*

27.(1) Waar daar ingevolge hierdie verordeninge 'n chemiese brandblustoestel, brandweertoerusting, of brandalarm op 'n perseel aangebring is, moet die okkupant van sodanige perseel so 'n brandblustoestel, toerusting of alarm een maal elke 12 maande deur die vervaardigers daarvan, of deur hulle behoorlik-gemagtigde verteenwoordigers of deur 'n ander gekwalifiseerde persoon, laat ondersoek.

(2) Elke sodanige brandblustoestel, toerusting en alarm moet 'n etiket aanhê waarop die persoon wat dit ondersoek, sy naam asook die datum van die ondersoek en die besonderhede in verband met die toestand waarin die brandblustoestel, toerusting of alarm op daardie tydstip na sy mening verkeer, moet aanteken.

*Ongelukke moet Aangemeld word.*

28. Die okkupant van 'n perseel moet enige brand of ongeluk waarby vlambare vloeistof betrokke is en wat plaasgevind het in verband met enige sodanige perseel waar so 'n brand of ongeluk skade aan eiendom berokken of beserings aan persone veroorsaak het, onmiddellik by die Raad aanmeld.

*Reëls ten opsigte van Persele wat nie Ingevolge Hierdie Verordeninge Geregistreer hoef te word nie.*

29.(1) Niemand mag vlambare vloeistof op 'n ongeregistreerde perseel opberg, gebruik of hanteer, of dit daar laat opberg, gebruik of hanteer, of toelaat dat dit geskied nie, tensy die vlambare vloeistof op sodanige plek of op sodanige wyse opgeberg, gebruik of gehanteer word, dat —

(a) geen vlambare vloeistof of dampe daarvan met enige vuur, vlam, of oop lig of 'n ander middel wat moontlik sodanige vlambare vloeistof of die dampe daarvan aan die brand kan laat slaan, in aanraking kom, of moontlik daarmee in aanraking kan kom nie; of

(b) die ontkoming van persone of diere in die geval van brand, nie verhinder of belemmer word nie.

(2) Niemand mag vlambare vloeistof op 'n ongeregistreerde perseel gebruik of hanteer, of laat gebruik of hanteer, of toelaat dat dit daar gebruik of gehanteer word nie, behalwe op 'n geskikte plek in die buitelug

tered premises except in a suitable place in the open air so that the fumes can escape easily or in a room provided with adequate ventilation to remove the fumes therefrom and effectively prevent the accumulation of fumes therein.

(3) On unregistered premises flammable liquid shall be stored only in a substantial container which shall be kept securely closed when not in immediate use.

*Inspection of Premises.*

30.(1) Any duly authorized officer of the Council, may, for any purpose connected with the carrying out of these by-laws in accordance with the provisions of section 72 of the Local Government Ordinance, 1939, enter upon any premises whatsoever, and make such examination and enquiry thereon as he may deem necessary.

(2) The owner or occupier, or failing their presence on the premises, any other person employed thereon shall upon demand disclose to such authorized officer the presence of any flammable liquid in or upon such premises and shall answer all enquiries relating either to the observance of these by-laws or to any condition in connection with the certificate of registration or permit.

*Taking of Samples.*

31. Upon inspection of any premises by an authorized officer of the Council, such officer may take samples for the purpose of analysis or examination of any flammable liquid or substance, or of any liquid or substance suspected of being flammable, which is found upon such premises: Provided that —

(a) any sample so taken shall be taken in the presence of the owner, occupier or other person in charge, as the case may be;

(b) the owner, occupier or other person in charge may require the officer taking the sample to divide it into two parts and to mark, seal and deliver to him one such part.

*Breach of Conditions.*

32. Any person who commits any breach of any condition endorsed on the approval notice or certificate of registration or spray permit issued in terms of these by-laws shall be guilty of an offence in terms of these by-laws.

STORAGE TANKS, PUMPS, PIPELINES AND CONTAINERS.

*Capacity of Underground Storage Tanks.*

33. The capacity of any underground storage tank, if not situated within a bulk depot or an aerodrome or landing ground used by aircraft, shall not exceed 23 kl: Provided that a storage tank with a greater capacity than 23 kl may be installed on any premises where such tank is to be used for manufacturing purposes.

*Construction of Tanks.*

34.(1) Every storage tank shall be constructed of iron, steel or other suitable metal plates of adequate strength and properly riveted and caulked, welded, brazed or otherwise secured by some equally satisfactory process.

sodat die dampe maklik kan ontsnap, of in 'n kamer wat behoorlik geventileer is sodat die dampe daaruit weggevoer word, en dit doeltreffend verhoed word dat dampe daarin versamel.

(3) Op ongeregistreerde persele mag vlambare vloeistof slegs in 'n sterk houer, wat dig toegehou moet word wanneer dit nie daadwerklik in gebruik is nie, opgeberg word.

*Ondersoek van Persele.*

30.(1) Enige behoorlik-gemagtigde beampte van die Raad kan vir enige doel in verband met die nakoming van hierdie verordeninge ooreenkomstig die bepalings van artikel 72 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, enige perseel betree en sodanige navrae doen of ondersoek instel as wat hy nodig mag ag.

(2) Die eienaar of okkupant of, indien hulle nie op die perseel teenwoordig is nie, enige ander persoon wat daar in diens is, moet op versoek van sodanige gemagtigde beampte, hom op versoek verwittig van enige vlambare vloeistof wat in of op sodanige perseel aanwesig is, en moet alle navrae met betrekking tot die nakoming van die bepalings van hierdie verordeninge, of met betrekking tot die voorwaardes in verband met die registrasiesertifikaat of permit beantwoord.

*Die neem van Monsters.*

31. Wanneer 'n gemagtigde beampte van die Raad 'n perseel ondersoek, kan sodanige beampte monsters van enige vlambare vloeistof of 'n stof of enige vloeistof of stof in verband waarmee daar vermoed word dat dit vlambaar is, en wat op sodanige perseel aangetref word neem, met die doel om dit te ontleed of te ondersoek: Met dien verstande dat —

(a) enige monster wat aldus geneem word, in die teenwoordigheid van die eienaar, okkupant of ander verantwoordelike persoon, na gelang van die geval, geneem moet word;

(b) die eienaar, okkupant of ander verantwoordelike persoon kan eis dat die beampte wat die monster neem, dit in twee dele moet verdeel en die een deel moet merk, verseël, en aan hom moet oorhandig.

*Verbreking van Voorwaardes.*

32. Enigiemand wat 'n voorwaarde verbreek wat op die goedkeuringskennisgewing of registrasiesertifikaat of spuitpermit staan wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik is, is ingevolge hierdie verordeninge skuldig aan 'n misdryf.

OPBERGTENKS, POMPE, PYPLEIDINGS EN HOUERS.

*Inhoudsvermoë van Ondergrondse Opbergtenks.*

33. Die inhoudsvermoë van 'n ondergrondse opbergtenk, indien dit nie in 'n grootmaatdepot of op 'n lughawe of landingsterrein wat deur vliegtuie gebruik word, geleë is nie, moet hoogstens 23 kl groot wees: Met dien verstande dat 'n opbergtenk met 'n groter inhoudsvermoë as 23 kl op 'n perseel geïnstalleer kan word indien sodanige tenk vir vervaardigingsdoeleindes gebruik word.

*Bou van Tenks.*

34.(1) Elke opbergtenk moet vervaardig wees van yster-, staal- of ander geskikte metaalplate wat sterk genoeg is, en wat behoorlik met naels vasgeklink en gekalfater, gesweis, hard gesoldeer of andersins deur middel van 'n ewe doeltreffende proses vasgeheg is.

(2) The top and sides of such tank shall be supported and strengthened by such uprights, girders, angle-irons and ties, as having regard to the capacity, shape and situation of the tank, may be necessary to render it sufficiently strong for the purpose to which it is being put.

(3) Every opening in any underground storage tank, other than a vent pipe, shall be securely closed by an effective and properly secured cap, cover, tap or valve.

(4) All pipes, other than a ventilation pipe, connected to an underground storage tank shall be carried down to within 100 mm of the bottom of the tank.

(5) Every above ground storage tank shall have an adequate system of ventilation so as to prevent excessive internal pressure.

(6) Every storage tank shall be maintained at all times in accordance with the respective provisions of this section.

*Installation of Storage Tanks.*

35. (1) Every underground storage tank shall —

(a) be so installed that the top of the tank is not less than 600 mm below the surrounding ground level, or covered with not less than a 100 mm reinforced concrete mat and not less than 150 mm of earth or sand;

(b) be set in firm foundations and wholly surrounded with soft earth or sand or encased in concrete;

(c) with the exception of any opening to the manhole, be covered with concrete adequately reinforced in all cases where vehicular traffic passes over such tank;

(d) be situated within the boundary line of the premises; and

(e) where such tank is situated in or within 1,5 m of any basement, be installed in a chamber of concrete not less than 150 mm thick or brick not less than 215 mm thick set in cement mortar with the space within the pit surrounding the tank completely filled with closely packed earth or sand: Provided that the provisions of this section shall not apply to any bulk depot.

(2) Above ground storage tanks shall only be installed within a bulk depot.

*Ventilation of Underground Storage Tanks.*

36. Every underground storage tank shall have a ventilation pipe of not more than 50 mm nor less than 25 mm internal diameter the top of which pipe shall —

(a) extend at least 4 m into the open air;

(b) be protected with a non-corrodible wire gauze with a mesh aperture not exceeding 600 microns. Such gauze shall be secured in such a manner that it may be removed for examination and cleaning;

(c) terminate at least 6 m away from any fire, flame or naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour.

(2) Die bopunt en kante van so 'n tenk moet ondersteun en versterk word deur middel van stutte, balke, hoekysters en ankers wat met inagneming van die inhoudsvermoë, die vorm en ligging van die tenk, nodig mag wees ten einde dit sterk genoeg te maak vir die doel waarvoor dit gebruik word.

(3) Elke opening, uitgesonderd 'n lugpypie, in 'n ondergrondse opbergtenk moet behoorlik deur 'n doeltreffende dop, deksel, kraan of klep wat goed vas is, toegemaak word.

(4) Alle pype, uitgesonderd 'n ventilasiepyp, wat met 'n ondergrondse opbergtenk verbind is, moet tot binne 100 mm van die boom van die tenk af reik.

(5) Elke bogrondse opbergtenk moet 'n doeltreffende ventilasiestelsel hê ten einde te voorkom dat die druk daarbinne te hoog word.

(6) Elke opbergtenk moet ten alle tye ooreenkomstig die betrokke bepalings van hierdie artikel, in stand gehou word.

*Aanbring van Opbergtenks.*

35. (1) Elke ondergrondse opbergtenk moet —

(a) so aangebring word dat die bopunt van die tenk minstens 600 mm onder die oppervlakte van die omliggende grond is, of moet met 'n gewapende betonblad van minstens 100 mm dik, en met minstens 150 mm grond of sand bedek wees;

(b) op 'n vaste fondament aangebring en heeltemal met sagte grond of sand omring word, of met beton omhul word;

(c) met uitsondering van enige opening na die mangat, in alle gevalle waar voertuigverkeer oor sodanige tenk gaan, met beton wat behoorlik gewapen is, bedek wees;

(d) binne die grenslyn van die perseel geleë wees; en

(e) in die geval waar so 'n tenk wat in 'n kelderverdieping of binne 1,5 m daarvandaan is aangebring word in 'n kamer met betonmure wat minstens 150 mm dik is of banksteenmure wat minstens 215 mm dik is en met sementmortel gemessel is, en die ruimte in die put om die tenk moet heeltemal gevul wees met grond of sand wat styf vasgestamp is: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie op 'n grootmaatdepot van toepassing is nie.

(2) Bogrondse opbergtenks moet slegs in grootmaatdepots aangebring word.

*Ventilasie van Ondergrondse Opbergtenks.*

36. Elke ondergrondse opbergtenk moet 'n ventilasiepyp met 'n binne-middellyn van hoogstens 50 mm en minstens 25 mm hê en die boonste punt van die pyp moet —

(a) minstens 4 m in die buitelug uitsteek;

(b) met gaasdraad wat teen invreting bestand is en wat 'n gaasopening van minstens 600 mikrone het, op so 'n wyse bedek word dat die gaasdraad vir ondersoek- en reinigingsdoeleindes verwyder kan word;

(c) minstens 6 m van enige vuur, vlam of oop lig of ander middel wat moontlik vlambare vloeistof of dampe daarvan, aan die brand kan laat slaan, af weg wees.

*Installation of Storage Tanks, Pumps or Filling Devices in Buildings.*

37. No storage tank, pump or filling device shall be installed in or below any building which is more than one storey high, unless the ceiling above such tank, pump or filling device is constructed of reinforced concrete.

*Abandoned Tanks.*

38. In the event of any underground storage tank being abandoned, the owner of such tank shall cause it to be removed or filled with sand or liquid concrete.

*Entering of Storage Tanks.*

39. No person shall —

(a) enter or cause or permit any person to enter any storage tank which has contained flammable liquid until such tank has been totally freed from any flammable liquid vapour, unless such person is wearing an efficient gas mask; or

(b) enter any storage tank at any time unless he is bound to a life line which at surface level is under the control of a reliable person continuously responsible for the safety of the person in the storage tank.

*Position of Pumps.*

40.(1) All pumps, and all other filling devices used or capable of use for the issue or transfer of flammable liquid to any vehicle or container shall be situated on private property and not less than 4 m from the boundary between it and any public place: Provided that no such pump or filling device shall be erected in such a position that a hose can be used for the issue or transfer of flammable liquid onto or across any public place.

(2) Notwithstanding anything contained in section 3, subsection (1) shall not apply to pumps or filling devices already erected on registered premises at the time of the coming into operation of these by-laws when a change of control or ownership of such premises occurs, unless the position of such existing pump or filling device constitutes or is likely to cause a danger or obstruction to the public or vehicular traffic.

*Pumps on Ramps.*

41. Pumps or other devices used or intended to be used for the issue of flammable liquid to motor vehicles or containers shall not be erected on any ramp or within 4 m of the beginning of the ramp.

*Dipping Sticks.*

42. Dipping sticks shall be made only of wood, brass or other non-ferrous metal or alloy.

*Pump Hoses.*

43. Delivery of flammable liquid from any pump to the fuel tank of any vehicle shall be made only through sound hose having an earthing wire in its construction efficiently attached to the metal of the pump and to the metal hose nozzle. Except at an aerodrome or landing ground used by aircraft no hose attached to any pump shall exceed 4,5 mm in length measured from the pump to the tip of the nozzle.

*Die aanbring van Opbergtenks, Pompe of Vultoestelle in Geboue.*

37. Geen opbergtenk, pomp of vultoestel mag in of onder 'n gebou wat hoër as een verdieping is, aangebring word nie, tensy die plafon bokant so 'n tenk, pomp of vultoestel van gewapende beton vervaardig is.

*Tenks wat nie meer Gebruik word nie.*

38. Ingeval 'n ondergrondse opbergtenk nie meer gebruik word nie, moet die eienaar van so 'n tenk dit laat verwyder of dit met sand of vloeibare beton laat opvul.

*Toegang tot Opbergtenks.*

39. Niemand mag —

(a) 'n opbergtenk wat vlambare vloeistof bevat het, binnegaan of iemand anders dit laat binnegaan, of toelaat dat hy dit binnegaan, alvorens alle vlambare vloeistofdampe uit sodanige tenk verwyder is nie, tensy so iemand 'n doeltreffende gasmasker aan het; of

(b) 'n opbergtenk te eniger tyd binnegaan nie tensy hy aan 'n reddingstou vas is, wat op die oppervlak onder beheer van 'n betroubare persoon is wat voortdurend oor die veiligheid van die persoon in die opbergtenk waak.

*Ligging van Pompe.*

40.(1) Alle pompe, en alle ander vultoestelle wat gebruik word of gebruik kan word, om vlambare vloeistof na 'n voertuig of houer oor te plaas, of dit daaraan te lewer, moet op private eiendom en minstens 4 m vanaf die grens tussen die private eiendom en 'n openbare plek geleë wees: Met dien verstande dat geen sodanige pomp of vultoestel so opgerig mag wees nie dat 'n pyp vir die uitreiking of oorplasing van vlambare vloeistof op of oor enige openbare plek gebruik kan word nie.

(2) Ondanks enigiets wat in artikel 3 vervat is, is subartikel (1) nie op pompe of vultoestelle wat ten tye van die inwerkingtreding van hierdie verordeninge alreeds op 'n geregistreerde perseel opgerig is, van toepassing indien die beheer oor, of eienaarskap van sodanige perseel verwissel nie, tensy die ligging van sodanige bestaande pomp of vultoestel gevaarlik is, of gevaarlik kan word, of die openbare of voertuigverkeer belemmer.

*Pompe op Opritte.*

41. Pompe of ander toestelle wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word om vlambare vloeistof aan motorvoertuie of houers te lewer, mag nie op 'n oprit, of binne 4 m van die begin van die oprit af, opgerig word nie.

*Maatstokke.*

42. Maatstokke moet slegs van hout, geelkoper of ander nie-ysterhoudende metaal of allooi gemaak wees.

*Pompslange.*

43. Die lewering van vlambare vloeistof van 'n pomp af aan die brandstoftenk van 'n voertuig, mag slegs deur middel van 'n heel pompslang geskied, wat voorsien is van 'n aardleiding wat doeltreffend aan die metaal van die pomp, en aan die metaaltuit van die pompslang vasgeheg is. Behalwe in die geval van 'n lughawe of 'n landingsterrein wat deur vliegtuie gebruik word, mag geen pompslang wat aan so 'n pomp vas is, langer as 4,5 m van die pomp af tot by die punt van die tuit wees nie.

*Situation of Filling Pipes and Pumps.*

44. Every filling pipe inlet and every pump shall be —

(a) at surface level;

(b) installed in such position that it will not impede the escape of any person or animal from the premises in the case of fire; and

(c) so situated or protected by surrounding walls as not to expose adjoining property to the risk of danger from fire during any filling operations or otherwise.

*Naked Lights and Electrical Apparatus.*

45.(1) No person shall install or take or cause or permit to be installed or taken any fire, flame, naked light or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour, except an electric light, within 3 m of any flammable liquid pump.

(2) No person shall place or cause or permit to be placed any electric switch, fuse, motor or other such device within a distance of 3 m of any pump unless such switch, fuse, motor or device is of flame proof construction.

(3) The electrical wiring between the distribution board or junction box and the pump shall, where possible, be in one continuous length of wire: Provided that where this is not possible, flame proof junction boxes shall be used.

*Maintenance of Tanks, Pipelines and Pumps.*

46.(1) All tanks, pipelines, pumps, machinery, fittings and appurtenances for the storage, use or handling of flammable liquid shall be —

(a) of sound and proper construction;

(b) so installed and fixed as not to be liable to be damaged;

(c) efficiently electrically earthed;

(d) free from leakage of flammable liquids, and as far as is reasonably possible, free from leakage of flammable liquid vapour, except by means of a vent pipe; and

(e) maintained in good and proper order and at all times in accordance with the provisions of this section.

(2) All pipelines shall be below ground level and at right angles to the building line when crossing a public footpath.

(3) All electrical earth connections required in terms of this section shall be examined once every 12 months by a qualified person who shall enter in a suitable log book, supplied by the occupier of the premises and kept solely for that purpose, the efficiency and conditions of such earth connections, his name and address and the date of the examination. All such entries shall be signed by such qualified person and shall be readily available for inspection by any duly authorized officer of the Council.

*Construction of Portable Containers.*

47. No person shall store or convey or cause or permit to be stored or conveyed in any one container any Class A flammable liquid in a quantity exceeding 50

*Ligging van Vulpype en Pompe.*

44. Die inlaatopening van elke vulpyp en elke pomp moet —

(a) gelyk met die grondvlak wees;

(b) sodanig aangebring wees dat dit geen mens of dier in die geval van brand verhinder om van die perseel af weg te kom nie; en

(c) sodanig geleë wees, of so deur middel van ringmure beskerm word dat dit nie die aangrensende eiendom tydens vul werksaamhede of andersins, aan brand blootstel nie.

*Oop Ligte en Elektriese Apparate.*

45.(1) Niemand mag enige vuur, vlam, oop lig of 'n ander middel wat moontlik vlambare vloeistof of die dampe daarvan aan die brand kan laat slaan, uitgesonderd 'n elektriese gloeilamp, binne 3 m van 'n pomp vir vlambare vloeistof aanbring, daarheen neem, dit daar laat aanbring of daarheen laat neem, of toelaat dat dit geskied nie.

(2) Niemand mag 'n elektriese skakelaar, 'n sekering, 'n motor of 'n ander sodanige toestel, binne 'n afstand van 3 m van 'n pomp af plaas, laat plaas of toelaat dat dit daar geplaas word nie, tensy sodanige skakelaar, sekering, motor of toestel vlamdig vervaardig is.

(3) Die elektriese draadleiding tussen die verdeelbord of die aansluitkas en die pomp moet, waar moontlik, een deurlopende stuk draad wees: Met dien verstande dat indien dit onmoontlik is, daar vlamdigte aansluitkaste gebruik moet word.

*Onderhoud van Tenks, Pypleidings en Pompe.*

46.(1) Alle tenks, pypleidings, pompe, masjinerie, toebehore en toestelle vir die opberging, gebruik of hantering van vlambare vloeistof moet —

(a) stewig en sterk gemaak wees;

(b) sodanig aangebring en vasgeheg word dat dit nie moontlik beskadig kan raak nie;

(c) doeltreffend elektries geaard wees;

(d) vry van lekkasie van vlambare vloeistof wees en sover as wat redelikerwys moontlik is, ook nie vlambare vloeistofdampe, uitgesonderd deur middel van 'n lugpypie, laat ontsnap nie; en

(d) Daar moet gesorg word dat die elektriese stroom deur middel van 'n tweepolige skakelaar of 'n ander geskikte metode naby die battery afgeskakel kan word.

(e) 'n Tenk wat 'n inhoudsvermoë van meer as 6 kl het, moet afgeskort word in vakke wat vloeistofdig is, en geen vak mag 'n groter inhoudsvermoë as 6 kl bevat nie: Met dien verstande dat voorgaande maksimum inhoudsvermoë van 6 kl hoogstens vyf per-

cent if the exigencies of construction make such excess necessary: Provided further that the liquid contents of any such compartment shall at no time exceed 98 per cent of the total capacity of the compartment.

(f) The tank shall be securely attached to and in metal contact with the vehicle.

(g) The draw-off pipes of the tank shall be fitted with two independent valves situated at remote points from one another.

(h) Efficient ventilating openings shall be fitted to each tank compartment and all such openings shall be covered with fine wire gauze with a mesh aperture not exceeding 600 microns and provided with a cock or valve: Provided that the Chief Fire Officer may permit the installation of other types of ventilating openings where these are shown to be equally efficient.

(i) Adequate provision shall be made to earth such vehicle efficiently so as to prevent the accumulation of a dangerous static charge of electricity in any part thereof, and, in addition, each pipe connection to the tank shall be so fitted as to ensure complete electrical connection between the tank and any receptacle being supplied with liquid therefrom.

(j) All electrical earth connections required in terms of this section shall be examined and entered in a logbook as required in terms of section 46(3), and the provisions of section 46(3) shall *mutatis mutandis* apply.

(k) The total quantity of flammable liquid conveyed by any road tank wagon or any number of such wagons constituting one haul shall, subject to the provisions of section 71, not exceed 30 kl.

(2) Every vehicle other than a road tank wagon shall be —

(a) of adequate capacity and construction to convey safely the quantity of flammable liquid which it is desired to convey on such vehicle;

(b) equipped with at least four wheels: Provided that a trailer forming part of an articulated vehicle shall for the purpose hereof be deemed to be equipped with four wheels; and

(c) so constructed and equipped as not to be likely to ignite any flammabble liquid which may be conveyed in or on such vehicle.

*Maintenance of Vehicles.*

73. No person shall use or cause or allow to be used in or on any public place any vehicle for the transport of flammable liquid, unless such vehicle is maintained in good conditions and in proper working order.

*Opening to Tank.*

74. All openings to the tank of any vehicle used for the transport of flammable liquid shall be kept securely and effectively closed at all times when not in use.

sent oorskry kan word indien sodanige oorskryding deur die konstruksievereistes genoodsaak word: Voorts met dien verstande dat die vloeistofinhoud van enige sodanige vak te gener tyd meer as 98 persent van die totale inhoudsvermoë van die vak mag oorskry nie.

(f) Die tenk moet stewig aan die voertuig vasgesit word, en in regstreekse aanraking met die metaal daarvan wees.

(g) Die afvoerpype van die tenk moet voorsien wees van twee afsonderlike kleppe wat ver van mekaar af sit.

(h) Daar moet doeltreffende ventileeropeninge in elke tenkvak aangebring word, en elke sodanige opening moet bedek word met vyf gaasdraad met 'n maasopening van minstens 600 mikrone en moet van 'n kraan of klep voorsien wees: Met dien verstande dat die Brandweerhoof kan toelaat dat ander soorte ventileeropeninge aangebring word, indien daar bewys is dat hulle ewe doeltreffend is.

(i) Sodanige voertuig moet van 'n doeltreffende aardleiding voorsien word ten einde te voorkom dat daar 'n gevaarlike lading statiese elektrisiteit in enige gedeelte daarvan opgebou word en boonop moet elke pypverbinding met die tenk op so 'n wyse aangebring word dat daar volkome elektriese verbinding tussen die tenk en enige houer wat daaruit met vloeistof gevul word, bewerkstellig word.

(j) Alle elektriese aardleidings wat kragtens hierdie artikel vereis word, moet ondersoek en aangeteken word in 'n logboek, soos bepaal in artikel 46(3), en die bepalings van artikel 46(3) is *mutatis mutandis* van toepassing.

(k) Behoudens die bepalings van artikel 71, mag die totale hoeveelheid vlambare vloeistof, wat enige tenkvragmotor, of wat enige aantal sodanige vragmotors wat een trek uitmaak, vervoer, nie 30 kl oorskry nie.

(2) Elke voertuig, uitgesonderd 'n tenkvragmotor moet —

(a) groot genoeg wees en sterk genoeg gebou wees om die hoeveelheid vlambare vloeistof wat dit die voorneme is om op sodanige voertuig te vervoer, veilig te vervoer;

(b) minstens vier wiele hê: Met dien verstande dat daar beskou word dat 'n sleepwa wat 'n deel van 'n gelede voertuig uitmaak, vir die toepassing hiervan, van vier wiele voorsien is; en

(c) sodanig gebou en toegerus wees dat dit nie waarskynlik vlambare vloeistof wat in of op sodanige voertuig vervoer word, sal laat ontbrand nie.

*Onderhoud van Voertuie.*

73. Niemand mag 'n voertuig vir die vervoer van vlambare vloeistof op 'n openbare plek gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit daar gebruik word nie, tensy so 'n voertuig in 'n goeie en 'n behoorlike werkende toestand in stand gehou word.

*Tenkopeninge.*

74. Alle openinge in die tenk van 'n voertuig wat vir die vervoer van vlambare vloeistof gebruik word, moet te alle tye wanneer dit nie gebruik word nie deeglik en doeltreffend toegehou word.

*Supervision of Road Tank Wagon by Responsible Person.*

75.(1) Every road tank wagon shall be under the constant supervision of a responsible person during the period such wagon is in use as such anywhere other than at a bulk depot.

(2) No road tank wagon which is not self-propelled and no other non-self-propelled vehicle so long as it is loaded with any flammable liquid shall be taken to or allowed to remain on any premises unless there is on the same premises at the same time a vehicle capable of and properly equipped for immediately towing it away from the premises.

(3) No road tank wagon or vehicle which is not self-propelled shall be allowed to remain in or on any street or other public place except for the minimum period necessary for unloading it and unless it is properly, firmly and directly connected to a vehicle capable of and properly equipped for immediately towing it away.

*Position of Road Tank Wagon during Delivery Operations.*

76.(1) No person shall —

(a) cause or permit a road tank wagon to stand on or across any public footpath during delivery operations;

(b) place the hose or cause or permit the hose to be placed across such footpath during such operations; or

(c) cause or permit a road tank wagon to reverse onto or off any premises before or after delivery operations to such premises.

(2) Should it not be possible to comply with the provisions of subsection (1)(a), (b) and (c), the Council may permit the installation of an underground kerbside filling point, which shall be installed and maintained to the satisfaction of the Council.

*Fire Extinguishers.*

77.(1) No person shall use or cause or permit to be used any vehicle for the conveyance of flammable liquid, unless such vehicle is provided with at least one efficient fire extinguisher which shall be of the dry-chemical type and have a capacity of not less than 9 kg: Provided that where the Chief Fire Officer is of the opinion, having regard to the fire hazards of the particular case, that dry-chemical fire extinguishers are not adequate, such other fire extinguishers shall be installed as he may consider to be required by the said hazards.

(2) Such extinguishers shall be carried on the road tank wagon in such a position and shall be attached to the road tank wagon in such a manner as to be readily and easily accessible in the case of fire.

*Agencies Likely to Ignite Flammable Liquid.*

78. No person shall —

(a) bring or cause or permit to be brought any fire, flame or other agency likely to ignite flammable liquid or its vapour within 3 m of any vehicle on or in which flammable liquid is transported;

*'n Verantwoordelike Persoon moet Toesig oor die Tenkvragmotor Hou.*

75.(1) Elke tenkvragmotor moet, terwyl dit as sodanig op enige ander plek as by 'n grootmaatdepot gebruik word, gedurig onder toesig van 'n verantwoordelike persoon wees.

(2) Geen tenkvragmotor wat nie selfaangedrewe is of enige ander voertuig wat nie selfaangedrewe is nie en wat met vlambare vloeistof gevul is, mag na enige perseel geneem word of op enige perseel gelaat word nie tensy daar terselfdertyd op dieselfde perseel 'n voertuig is wat in staat is en behoorlik toegerus is om sodanige voertuig onmiddellik van die perseel af weg te sleep.

(3) Geen tenkvragmotor of voertuig wat nie selfaangedrewe is nie, mag in of op enige straat of ander publieke plek gelaat word behalwe vir die minimum tydperk wat nodig is om dit af te laai nie en tensy dit behoorlik, stewig en direk verbind is met 'n voertuig wat in staat is en behoorlik toegerus is om dit onmiddellik weg te sleep.

*Posisie van 'n Tenkvragmotor Gedurende Afleweringsbedrywighede.*

76.(1) Niemand mag —

(a) 'n tenkvragmotor op of oor 'n openbare sypaadjie laat staan of toelaat dat dit daar staan terwyl aflewering plaasvind nie;

(b) die pompslang gedurende sodanige bedrywighede oor so 'n paadjie plaas, laat plaas of toelaat dat dit daar geplaas word nie; of

(c) veroorsaak of toelaat dat enige tenkvragmotor op of van enige perseel agteruit beweeg voor of na aflewering op sodanige perseel.

(2) Indien nie aan die bepalings van subartikel 1(a), (b) en (c) voldoen kan word nie, kan die Raad die installasie van 'n ondergrondse sypaadjievulpunt toelaat wat tot voldoening van die Raad geïnstalleer en in stand gehou moet word.

*Brandblustoestelle.*

77.(1) Niemand mag enige voertuig gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die vervoer van vlambare vloeistof nie, tensy so 'n voertuig van minstens een doeltreffende droë chemiese tipe brandblustoestel met 'n inhoudsvermoë van minstens 9 kg voorsien is: Met dien verstande dat waar die Brandweerhoof, met inagneming van die brandgevare in 'n bepaalde geval, van mening is dat die droë chemiese tipe brandblustoestelle nie toereikend is nie, daar ander brandblustoestelle wat syns insiens deur genoemde brandgevare noodsaaklik gemaak word, aangebring moet word.

(2) Sodanige brandblustoestelle moet op so 'n plek op die tenkvragmotor vervoer word en op so 'n wyse daaraan vas wees dat dit, in die geval van brand, gou en maklik bereik kan word.

*Middele wat Vlambare Vloeistof Moontlik aan die Brand Kan Laat Slaan.*

78. Niemand mag —

(a) enige vuur, vlam of ander middel wat moontlik vlambare vloeistof of die dampe daarvan aan die brand kan laat slaan, binne 3 m van 'n voertuig waarop of waarin vlambare vloeistof vervoer word, bring, laat bring of toelaat dat dit daar gebring word nie;

(b) carry or permit to be carried any matches, cigarette lighters or similar contrivances on any vehicle used for the transport of flammable liquid; or

(c) while in attendance on such vehicle smoke or permit any other person thereon to smoke during the transport of flammable liquid or the filling of such vehicle with flammable liquid or the discharge of such liquid therefrom; or

(d) smoke within 3 m of such vehicle during the filling of such vehicle with flammable liquid or the discharge of such liquid therefrom or while in attendance thereon permit any other person so to smoke.

*Precautions.*

79. Every person responsible for or concerned in the conveyance of flammablbe liquid shall take all resonable precautions for the prevention of accident by fire or explosion and for the prevention of access by any unauthorized person to any container whilst in transit.

*Restriction of Scope of Certain Sections.*

80.(1) The provisions of section 70 to 77 inclusive shall not apply to the conveyance of flammable liquid on a vehicle, not being a road tank wagon —

(a) of a quantity not exceeding 200 litres of Class A flammable liquid or 400 litres of Class B flammable liquid, in securely closed metal containers of a capacity not exceeding 50 litres each; or

(b) of a quantity not exceeding 600 litres of Class A flammable liquid or 1 kl of Class B flammable liquid contained in securely closed metal containers of a capacity not less than 200 litres each.

(2) Such containers shall be substantially constructed and packed in such a manner as to prevent leakage and obviate their becoming broken, defective or insecure in the course of conveyance.

(3) No flammable liquid shall be conveyed in or on any steam-driven vehicle or in or on any trailer or other vehicle drawn by a vehicle so driven.

## DRY-CLEANING ROOMS: GENERAL.

*Certificate for Dry-Cleaning Room.*

81.(1) No person shall use or cause or permit to be used any room as a dry-cleaning room unless and until such room has been duly registered as such in terms of these by-laws.

(2) No certificate shall be issued in respect of any premises for use as a dry-cleaning room unless and until such premises comply with the requirements of these by-laws.

(3) The provisions of sections 5 to 12 inclusive and 15 shall apply *mutatis mutandis* to a certificate in terms of this section.

*Use of Dry-Cleaning Rooms.*

82. No dry-cleaning room shall be used for any purpose other than that of dry-cleaning and purposes reasonably incidental thereto.

(b) vuurhoutjies, sigaretopstekers of soortgelyke toestelle op 'n voertuig wat vir die vervoer van vlambare vloeistof gebruik word, saamdra of toelaat dat dit saamgedra word nie;

(c) terwyl hy sodanige voertuig onder sy sorg het, rook of toelaat dat iemand anders daarop rook terwyl vlambare vloeistof vervoer word of terwyl so 'n voertuig met vlambare vloeistof volgemaak word of sodanige vloeistof daaruit getap word; of

(d) binne 3 m van sodanige voertuig af rook terwyl sodanige voertuig met vlambare vloeistof volgemaak word of terwyl vlambare vloeistof daaruit getap word, of terwyl hy dit onder sy sorg het, iemand anders toelaat om aldus te rook nie.

*Voorsorgmaatreëls.*

79. Elkeen wat vir die vervoer van vlambare vloeistof verantwoordelik is of daarby betrokke is, moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref ten einde ongelukke deur brand of ontploffing te voorkom, en te verhoed dat 'n ongemagtigde persoon toegang tot enige houer verkry terwyl dit onderweg is.

*Beperking van die Toepassing van Sekere Artikels.*

80.(1) Die bepalings van artikels 70 tot en met 77 is nie van toepassing op die vervoer van vlambare vloeistof op 'n ander voertuig as 'n tenkvragmotor nie, indien daar —

(a) 'n hoeveelheid van hoogstens 200 liter vlambare vloeistof Klas A, of 400 liter vlambare vloeistof Klas B in metaalhouers elk met 'n inhoudsvermoë van hoogstens 50 liter en wat deeglik toe is, vervoer word; of

(b) 'n hoeveelheid van hoogstens 600 liter vlambare vloeistof Klas A of 1 kl vlambare vloeistof, Klas B, in metaalhouers wat deeglik toe is, met 'n inhoudsvermoë van minstens 200 liter elk, vervoer word.

(2) Sodanige houers moet sterk gemaak wees en op so 'n wyse gepak word dat hulle nie sal lek, stukkend raak, defek of los raak terwyl hulle vervoer word nie.

(3) Geen vlambare vloeistof mag in of op 'n stoomaangedrewe voertuig of in of op 'n sleepwa of ander voertuig wat deur 'n voertuig, wat aldus aangedryf word, getrek word of vervoer word nie.

## DROOGSKOONMAAKLOKALE: ALGEMEEN.

*Sertifikaat ten Opsigte van 'n Droogskoonmaaklokaal.*

81.(1) Niemand mag 'n vertrek as 'n droogskoonmaaklokaal gebruik, laat gebruik, of toelaat dat dit as sodanig gebruik word nie, tensy en alvorens so 'n vertrek behoorlik kragtens hierdie verordeninge as sodanig geregistreer is.

(2) Daar word geen sertifikaat vir die gebruik van 'n perseel as 'n droogskoonmaaklokaal uitgereik nie tensy en alvorens sodanige perseel aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen.

(3) Die bepalings van artikels 5 tot en met 12 en 15 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n sertifikaat wat kragtens hierdie artikel uitgereik word.

*Gebruik van Droogskoonmaaklokale.*

82. Geen droogskoonmaaklokaal mag vir enige ander doel as vir droogskoonmaakwerk en vir doeleindes wat redelikerwys daarmee in verband staan, gebruik word nie.

*Installation of Machinery.*

83.(1) No person shall install or cause or permit to be installed any dry-cleaning machinery such as washing machines, clarifiers, stills or settling tanks elsewhere than in the dry-cleaning room.

(2) All machinery shall be efficiently electrically earthed.

(3) All such electrical earth connections shall be examined and entered in a log-book as required in terms of section 46(3).

*Boilers.*

84. No boiler shall be installed in such proximity or in such a position or manner in relation to a dry-cleaning room that it is likely, in the opinion of the Chief Fire Officer, to ignite any flammable liquid in or vapour escaping from the room.

85. Notwithstanding the provisions of section 83(1), the installation of cleaning machines of the tumbler type shall be permitted elsewhere than in a dry-cleaning room: Provided that the machine so installed is equipped with an effective system of ventilation by the exhaust method.

*Electrical Equipment.*

86.(1) Subject to the provisions of subsection (2), no person shall install or cause or permit to be installed in any dry-cleaning room where flammable liquids of Class A or Class B are used, any electrical machinery or other electrical apparatus other than —

(a) an electric light enclosed in an outer flame-proof fitting;

(b) electric wires, protected throughout by seamless metal tubes the junctions of which are screwed together or cable approved by the Council by reference to current electrical practice;

(c) one electrical push-button switch of construction known as flameproof which shall be situated not less than 1 m above the level of the floor and constructed and connected for stopping machinery in case of emergency.

(2) Any electric motor installed in a dry-cleaning room where flammable liquids of Class A are used shall be of flame-proof construction, and any such motor installed in any such room where flammable liquids of Class B are used shall be of flame-proof or totally enclosed construction.

*Handling of Flammable Liquid.*

87. The storage tank shall be connected to the dry-cleaning machinery and no flammable liquid shall be handled during any cleaning process: Provided that a total quantity not exceeding 20 litres at any one time may be handled in one or more containers for the purpose of handwashing or spotting.

*Danger Notice at Entrance.*

88. The words "DANGER — NO SMOKING" in both official languages shall be prominently displayed in letters not less than 150 mm high outside every entrance to

*Installasie van Masjinerie.*

83.(1) Niemand mag enige droogskoonmaakmasjinerie soos byvoorbeeld wasmasjiene, suiweringstoestelle, distilleerketels of neerslagtenks elders as in 'n droogskoonmaaklokaal installeer, laat installeer of toelaat dat dit daar geïnstalleer word nie.

(2) Alle masjinerie moet elektries doeltreffend met die aarde verbind wees.

(3) Alle sodanige elektriese aardleidings moet ondersoek word en in 'n logboek, soos in artikel 46(3) vereis, aangeteken word.

*Stoomketels.*

84. Geen stoomketel mag so na aan, of in so 'n posisie of op so 'n wyse in verhouding tot, 'n droogskoonmaaklokaal aangebring word dat dit, volgens die mening van die Brandweerhoof, waarskynlik vlambare vloeistof in, of die dampe wat ontsnap uit, die lokaal aan die brand kan laat slaan nie.

85. Ondanks die bepalings van artikel 83(1), kan wasmasjiene van die tuimelaartipe elders as in 'n droogskoonmaaklokaal geïnstalleer word: Met dien verstande dat die masjien wat aldus geïnstalleer word, toegerus is met 'n doeltreffende ventilasiestelsel van die uitlaat-tipe.

*Elektriese Toerusting.*

86.(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), mag niemand elektriese masjinerie of ander elektriese apparaat in 'n droogskoonmaaklokaal waar vlambare vloeistowwe Klas A of Klas B gebruik word, installeer, laat installeer of toelaat dat dit daar geïnstalleer word nie, uitgesonderd —

(a) 'n elektriese gloeilamp wat 'n vlamdigte omhulsel buite-om het;

(b) elektriese draadleidings wat heeltemal deur naatlose metaalbuise waarvan die lasse vasgeskroef word, beskerm word of kabels wat die Raad ooreenkomstig die gangbare elektrotegniese praktyk goedgekeur het;

(c) een elektriese drukknopskakelaar van die konstruksie wat as vlamdig bekendstaan, wat minstens 1 m bokant die vloervlak aangebring is, en wat op so 'n wyse gemaak en verbind moet wees dat dit in noodgevalle gebruik kan word om die masjinerie mee af te skakel.

(2) Enige elektriese motor wat in 'n droogskoonmaaklokaal waarin daar vlambare vloeistowwe Klas A gebruik word, geïnstalleer is, moet vlamdig gemaak wees en enige sodanige motor wat in sodanige lokaal waar daar vlambare vloeistowwe Klas B gebruik word, geïnstalleer is, moet vlamdig gemaak of geheel en al deur 'n omhulsel bedek wees.

*Die Hantering van Vlambare Vloeistof.*

87. Die opbergtenk moet met die droogskoonmaakmasjinerie verbind wees, en geen vlambare vloeistof mag tydens die droogskoonmaakbedrywighede gehanteer word nie: Met dien verstande dat hoogstens 20 liter te enige enkele tyd in een of meer houers gehanteer kan word met die doel om hand-waswerk te verrig of om kolle te verwyder.

*Gevaarkennisgewing by die Ingang.*

88. Die woorde "GEVAAR — MOENIE ROOK NIE" moet opvallend in albei amptelike tale en in letters wat minstens 150 mm hoog is aan die buitekant van

every dry-cleaning room and shall at all times be maintained in such position and in a legible condition.

*Removal of Foreign Matter and Metallic Substances from Garments.*

89. No person shall dry-clean or cause or permit to be dry-cleaned any article of clothing or other textile unless and until such article has been thoroughly examined and all objects such as matches, metallic substances, metal buttons or other objects which are liable to cause sparks have been removed therefrom.

*Instructions to Employees.*

90. The occupier shall cause all persons employed in the dry-cleaning room to be thoroughly instructed as to the hazards involved in the use of flammable liquids and in the handling and method of usage of all fire appliances required in terms of these by-laws to be on the premises, and shall repeat such instructions quarterly.

*Unauthorized Persons or Acts.*

91. (1) No person, other than a person lawfully employed on the premises, shall enter any dry-cleaning room without the express permission of the occupier or person in charge.

(2) No person shall commit any act which is liable to cause fire, explosion or other damage to a dry-cleaning room or its contents.

*Position of Machinery.*

92. All dry-cleaning machinery such as washing machines, clarifiers, stills and settling tanks shall be situated as near as reasonably possible to the exhaust ducts as required in terms of section 98.

*Shafting.*

93. Where any machinery is driven by means of shafts from motive power outside the dry-cleaning room, the driving shaft shall pass through a gas-proof wall box which shall be installed at the point where such shafting enters such dry-cleaning room.

*Scouring or Brushing Table.*

94. Every table used for washing or brushing any material with flammable liquid shall comply with the following requirements:—

(a) Such table shall be provided with a liquid-tight top with a curb on all sides not less than 25 mm high.

(b) The top of such table shall be so pitched as to ensure thorough draining by a pipe of not less than 25 mm diameter directly connected to an underground tank through a trap which shall prevent the return of vapour.

(c) Metal tops shall be effectively electrically earthed.

(d) Such table shall be so secured to the floor or wall so as not to disturb the electrical earth and drain connections.

elke toegang tot elke droogskoonmaaklokaal aangebring word, en moet te alle tye op dié plek in 'n leesbare toestand in stand gehou word.

*Verwydering van Vreemde Voorwerpe en Metaalbestanddele uit Kledingstukke.*

89. Niemand mag 'n kledingstuk of 'n ander weefstof droogskoonmaak, laat droogskoonmaak of toelaat dat dit droogskoongemaak word nie, tensy en alvorens so 'n artikel deeglik ondersoek is en alle voorwerpe soos vuurhoutjies, metaalbestanddele, metaalknope of ander voorwerpe wat moontlik vonke kan veroorsaak, daaruit verwyder is.

*Opdragte aan Werknemers.*

90. Die okkupant moet almal wat in die droogskoonmaaklokaal in diens is, behoorlik inlig omtrent die gevare verbonde aan die gebruik van vlambare vloeistof, asook ten opsigte van die hantering en die aanwendingsmetode van alle brandblustoestelle wat ingevolge hierdie verordeninge op die perseel gehou moet word, en sodanige voorligting moet elke kwartaal herhaal word.

*Ongemagtigde Persone of Dade.*

91. (1) Niemand, uitgesonderd 'n persoon wat wettiglik op die perseel in diens is, mag 'n droogskoonmaaklokaal sonder die uitdruklike toestemming van die okkupant of die persoon wat daar in beheer is, binnegaan nie.

(2) Niemand mag 'n daad verrig wat moontlik 'n brand of 'n ontploffing kan veroorsaak of ander skade aan die droogskoonmaaklokaal of die inhoud daarvan kan berokken nie.

*Plasing van Masjinerie.*

92. Alle droogskoonmaakmasjinerie soos wasmasjiene, suiweringstoestelle, distilleerketels en neerslagtenks moet so na as redelikerwyse moontlik is, aan die uitlaatopeninge soos by artikel 98 vereis, geplaas wees.

*Asleidings.*

93. Waar masjinerie aangedryf word deur middel van asse wat deur dryfkrag buite die droogskoonmaaklokaal aangedryf word, moet die dryfas deur 'n gasdigte muurkas gaan, wat op die plek waar sodanige as die droogskoonmaaklokaal binnekom, aangebring moet word.

*Was- of Borseltafels.*

94. Elke tafel wat gebruik word om materiaal met vlambare vloeistof te was of op af te borsel, moet aan die volgende vereistes voldoen:—

(a) So 'n tafel moet voorsien wees van 'n vloeistofdigte blad wat rondom 'n rand van minstens 25 mm hoog, aan het.

(b) Die blad van so 'n tafel moet skuins wees, sodat alle vloeistof behoorlik kan wegloop deur middel van 'n pyp met 'n deursnee van minstens 25 mm wat regstreeks met 'n ondergrondse tenk verbind is en wat 'n afsluiter aan het wat voorkom dat dampe terugkeer.

(c) Metaalblaaie moet elektries behoorlik met die aarde verbind wees.

(d) So 'n tafel moet op so 'n wyse aan die vloer of muur vasgesit word dat die elektriese aardleiding en afvoerpyp nie versteur kan word nie.

*Portable Lamps.*

95. No person shall take or cause or permit to be taken any flash lamp or any other light or lamp into any dry-cleaning room except an electrical light or safety lamp which has been fitted with an outer flame-proof fitting.

SPECIAL PROVISIONS WHERE CLASS A FLAMMABLE LIQUIDS ARE USED FOR DRY-CLEANING.

*Construction of Dry-Cleaning Rooms.*

96. Every dry-cleaning room shall be constructed in accordance with the following requirements:—

(a) The walls shall be constructed of brick or concrete or similar suitable material, the floor of concrete or other impervious material and the roof of fire-resisting material.

(b) All window frames shall be constructed of metal, glazed with wire woven glass and shall be of the opening type. Each single pane shall not exceed 450 mm x 450 mm.

(c) All door frames shall be of metal and any internal door shall be made of hardwood of a thickness of not less than 50 mm and completely covered with metal of not less than 0,9 mm in thickness. Doors to the open air shall be constructed as above or shall be close-fitting metal doors of not less than 3 mm in thickness carried on an angle iron frame and having an all round overlap of 50 mm. The type of door fitted shall be at the discretion of the Chief Fire Officer.

(d) A sill of concrete at least 150 mm in height shall be erected across all door openings at surface level or the floor of the room shall be 150 mm below the adjacent surface level.

(e) The dry-cleaning room shall be situated not closer than 1,5 m to any public thoroughfare or building unless the wall or walls which are exposed to such thoroughfare or building are constructed without openings: Provided that not more than two sides of any dry-cleaning room shall be without openings.

(f) There shall be provided at least two doors opening outwards, one directly into the open air. Such doors shall be so situated and at such a distance from each other as to allow the free and unimpeded escape of persons within the dry-cleaning room through either door in the case of fire or other danger.

(g) No dry-cleaning room shall have any opening into any other room or building: Provided that subject to compliance with the conditions hereunder set out any room used or intended to be used solely for the purpose of drying materials which have been cleaned or treated with flammable liquid may be constructed under the same roof as the dry-cleaning room:

(i) Such drying room shall be separated from the dry-cleaning room by a wall constructed of non-combustible material; and

(ii) the entrance to such drying room shall be provided with a metal door and frame.

*Draagbare Lampe.*

95. Niemand mag 'n flitslamp of 'n ander lig of lamp, uitgesonderd 'n elektriese gloeilamp of 'n veiligheidslamp, wat 'n vlamdigte omhulsel buite-om het, in 'n droogskoonmaaklokaal inneem, laat inneem of toelaat dat dit daar ingeneem word nie.

SPESIALE BEPALINGS IN GEVALLE WAAR VLAMBARE BLOEISTOF KLAS A VIR DROOGSKOONMAAKDOELEINDES GEBRUIK WORD.

*Die Bou van Droogskoonmaaklokale.*

96. Elke droogskoonmaaklokaal moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou word:—

(a) Die mure moet van baksteen of beton of van soortgelyke geskikte materiaal, die vloer van beton of ander syferdigte materiaal en die dak van brandbestande materiaal gebou word.

(b) Alle vensterrame moet van metaal gemaak wees en moet ruimte van splintervrye draadglas in hê, en moet van die tipe wees wat oopgemaak kan word. Elke afsonderlike ruit mag nie groter as 450 mm x 450 mm wees nie.

(c) Alle deurkosyne moet van metaal gemaak wees en enige binnedeur moet van hardehout met 'n dikte van minstens 50 mm wees en moet geheel en al met metaal van minstens 0,9 mm dik bedek wees. Buitedeure moet, soos hierbo genoem, vervaardig wees, of moet styfpassende metaaldeure van minstens 3 mm dik wees en moet aan hoekysterkosyne gemonteer word en rondom 'n oorslag van 50 mm hê. Die tipe deur wat ingesit word is volgens die diskresie van die Brandweerhoof.

(d) 'n Drumpel van beton, minstens 150 mm hoog, moet op die grondhoogte dwarsoor alle deuropeninge aangebring word, of die vloer van die vertrek met 150 mm laer as die aangrensende grondhoogte wees.

(e) Die droogskoonmaaklokaal moet nie nader as 1,5 m van 'n openbare deurgang of gebou af wees nie, tensy die muur of mure wat aan sodanige weg of gebou front, geen openinge in het nie: Met dien verstande dat hoogstens twee kante van 'n droogskoonmaaklokaal sonder openinge mag wees.

(f) Daar moet minstens twee deure wat na buite oopmaak, verskaf word, en een daarvan moet regstreeks in die buitelug oopgaan. Sodanige deure moet so geleë wees en so ver van mekaar af wees, dat persone binne die droogskoonmaaklokaal in die geval van brand of ander gevaar, vry en ongehinderd deur enigeen van die deure kan ontsnap.

(g) Geen droogskoonmaaklokaal mag 'n opening na 'n ander vertrek of gebou toe hê nie: Met dien verstande dat, mits daar aan die voorwaardes hieronder uiteengesit, voldoen word, enige vertrek wat uitsluitend gebruik word of bedoel is om gebruik te word om materiaal wat skoongemaak is of met vlambare vloeistof behandel is, droog te maak, onder dieselfde dak as die droogskoonmaaklokaal gebou kan word:

(i) So 'n droogkamer moet deur middel van 'n muur wat van nie-brandbare materiaal gebou is, van die droogskoonmaaklokaal geskei wees; en

(ii) die ingang na sodanige droogkamer moet 'n metaaldeur en kosyn hê.

(h) No dry-cleaning room shall be situated below or above any other room or building.

(i) Every dry-cleaning room shall be maintained at all times in accordance with the provisoins of this section.

*Steam Pipes.*

97. (1) Every dry-cleaning room shall be fitted with at least one steam pipe not less than 25 mm in diameter. Every such pipe shall be provided with —

(a) perforations or jets of at least 6 mm in diameter and so spaced as to give as near as practicable an equal distribution of steam in such a manner that such room can be immediately flooded with steam in the case of fire; and

(b) a steam trap or other effective means of preventing the accumulation of water within such pipe.

(2) An adequate steam supply for such pipe or pipes shall be maintained continuously while any flammable liquid is contained in any washing machines, clarifiers, stills or similar appliances.

(3) Such steam supply system shall be provided with a valve placed in the service line and situated outside the building in any easily accessible position in the case of fire.

*Ventilation of Dry-Cleaning Room.*

98(1). Every dry-cleaning room shall be ventilated with a mechanical system of exhaust and inlet ventilation of such design, construction and capacity as will adequately remove flammable liquid vapour from such room and discharge such vapour into the open air at a point above the roof of such room and not within 4,5 m of any opening to any building. The motor or motors of such mechanical exhaust and inlet ventilation system shall comply with the provisions of section 86(2).

(2) Such system of ventilation shall be capable of providing an air velocity of a minimum of 0,5 m per second through any cross-section of the room so as adequately to remove flammable vapour from the room and change the air therein.

(3) The blades of all ventilating fans shall be made of non-ferrous metal.

(4) All exhaust ventilation ducts shall be installed —

(a) as near ground level as practicable: Provided that where any such duct or any portion thereof is situated at a level which is less than 150 mm above the level of the dry-cleaning room floor, adequate provision shall be made to prevent the escape of flammable liquid therefrom in the case of fire or otherwise;

(b) as near as practicable to the points of origin of flammable liquid or the dry-cleaning machinery such as washing machines, clarifiers, stills, settling tanks and similar appliances.

(5) Any person discovering a fire in any dry-cleaning room shall immediately take all possible steps to shut down the exhaust ventilating system.

(h) Geen droogskoonmaaklokaal mag onder of bokant 'n ander vertrek of gebou geleë wees nie.

(i) Elke droogskoonmaaklokaal moet te alle tye ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel in stand gehou word.

*Stoompype.*

97. (1) Elke droogskoonmaaklokaal moet minstens een stoompyp met 'n deursnee van minstens 25 mm hê. Elke sodanige pyp moet voorsien wees van —

(a) gaatjies of sproeiers met 'n deursnee van minstens 6 mm, wat so versprei is dat daar, sover doenlik, 'n eweredige verspreiding van stoom op so 'n wyse kan plaasvind dat die lokaal ingeval van brand onmiddellik met stoom gevul kan word; en

(b) 'n stoomafsluiter of 'n ander doeltreffende middel om te voorkom dat water in so 'n pyp vergaar.

(2) 'n Voldoende voorraad stoom vir so 'n pyp of pype moet voortdurend, onderwyl daar vlambare vloeistof in wasmasjiene, suiweringstoestelle, distilleerketels of soortgelyke toestelle is, beskikbaar gehou word.

(3) So 'n stoomtoevoerstelsel moet voorsien wees van 'n klep wat buite die gebou in die toevoerpyp aangebring is op 'n plek wat, in die geval van brand, maklik toeganklik is.

*Ventilasie van Droogskoonmaaklokaal.*

98. (1) Elke droogskoonmaaklokaal moet geventileer word deur middel van 'n meganiese stelsel van uit- en inlaatventilasie van sodanige ontwerp, konstruksie en kapasiteit dat dit die dampe van die vlambare vloeistof doeltreffend uit sodanige lokaal verwyder en die dampe in die buitelug uitlaat op 'n plek bokant die dak van sodanige lokaal wat minstens 4,5 m van enige opening van enige gebou af geleë is. Die motor of motors van sodanige meganiese uit- en inlaatventilasiestelsel moet aan die bepalings van artikel 86(2) voldoen.

(2) Sodanige ventilasiestelsel moet in staat wees om 'n stroomsnelheid van minstens 0,5 m per sekonde deur enige deursnee van die lokaal te verskaf ten einde die dampe van die vlambare vloeistof doeltreffend uit die lokaal te verwyder en die lug daarin te wissel.

(3) Die lemme van alle ventilasiewaaiers moet van nieysterhoudende metaal vervaardig wees.

(4) Alle ventilasie-uitlaatpype moet —

(a) so na aan die grondhoogte as doenlik aangebring word: Met dien verstande dat indien sodanige pyp of enige gedeelte daarvan minder as 150 mm bokant die vlak van die droogskoonmaaklokaal se vloer geleë is, daar doeltreffende voorsorg getref moet word om te voorkom dat vlambare vloeistof, in die geval van brand of andersins, daardeur ontsnap;

(b) so na as doenlik aan die plekke van oorsprong van vlambare vloeistof of die droogskoonmaakmasjinerie, soos wasmasjiene, suiweringstoestelle, distilleerketels, neerslagtenks en soortgelyke toestelle, aangebring word.

(5) Enigiemand wat 'n brand in 'n droogskoonmaaklokaal ontdek, moet onmiddellik alle moontlike stappe doen om die ventilasieuitlaatstelsel af te sluit.

## SPECIAL PROVISIONS WHERE CLASS B FLAMMABLE LIQUID IS USED FOR DRY-CLEANING.

*Construction of Dry-Cleaning Room.*

99. Every dry-cleaning room shall be constructed and maintained in accordance with the following requirements:—

(a) The walls of the room shall be constructed of brick or concrete or other material which, in the opinion of the Chief Fire Officer, is suitable, the floor shall be of concrete or other impervious material, and the roof shall be of reinforced concrete: Provided that the roof may be constructed of other material where no other rooms, buildings or premises are, in the opinion of the Chief Fire Officer, likely to be endangered by an outbreak of fire in the dry-cleaning room.

(b) A sill or concrete at least 150 mm in height shall be erected across all door openings at surface level or the floor of the room shall be 150 mm below the adjacent surface level.

(c) (i) The room shall be provided with at least two doors to be made either of hard-wood of a thickness not less than 50 mm and completely covered with metal of not less than 0,56 mm in thickness or with close-fitting metal doors not less than 3 mm in thickness carried on an angle iron frame and having an all round overlap of 50 mm. The type of door fitted shall be at the discretion of the Chief Fire Officer.

(ii) The said doors shall open outwards and be so situated in general and in relation to each other and in particular at such a distance from each other, as to allow the free and unimpeded escape of persons within the room through both of them simultaneously in case of fire or other danger.

(d) All window frames shall be constructed of metal glazed with wire woven glass and shall be of the opening type. Each single pane shall not exceed 450 mm x 450 mm.

(e) No dry-cleaning room shall be situated below or above any other room or building which is not provided to the satisfaction of the Chief Fire Officer with adequate means of escape for its occupants to safety in the event of fire.

(f) No dry-cleaning room shall be situated in the basement of a building or at such a depth that the floor level is more than 60 mm below the main level of the ground immediately surrounding it.

*Ventilation of Dry-cleaning Room.*

100. Every dry-cleaning room shall be ventilated with a mechanical system of exhaust and inlet ventilation conforming to and complying with the provisions of sections 56 and 86(2).

## SPRAY ROOMS.

*Registration of Spray Room.*

101.(1) No person shall spray or cause or permit to be sprayed any vehicle or article with any flammable liquid in any room or building, unless such person is in possession of a spray permit in respect of such room or building.

## SPESIALE BEPALINGS IN GEVALLE WAAR VLAMBARE VLOEISTOF KLAS B VIR DROOGSKOONMAAKDOELEINDES GEBRUIK WORD.

*Bou van Droogskoonmaaklokaal.*

99. Elke droogskoonmaaklokaal moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou en in stand gehou word:—

(a) Die mure moet van baksteen of beton of van ander geskikte materiaal, na goeddunke van die Brandweerhoof, gebou word, die vloer moet van beton of ander syferdigte materiaal en die dak moet van gewapende beton vervaardig wees: Met dien verstande dat die dak van ander materiaal vervaardig kan word na goeddunke van die Brandweerhoof in die geval waar daar geen ander vertrekke, geboue of persele is wat deur 'n brand in die droogskoonmaaklokaal in gevaar gestel kan word nie.

(b) 'n Drumpel van beton, minstens 150 mm hoog, moet op die grondhoogte dwars oor al die deuropeninge aangebring word, of die vloer van die vertrek moet 150 mm laer as die aangrensende grondhoogte wees.

(c) (i) Die lokaal moet minstens twee deure hê wat van hardehout wat minstens 50 mm dik is en geheel en al bedek met metaal van minstens 0,56 mm dik, vervaardig is, òf nousluitende deure van metaal minstens 3 mm dik, wat aan 'n hoekysterraam bevestig is en wat 'n oorslag van minstens 50 mm rondom het. Die tipe deur wat aangebring moet word, moet na goeddunke van die Brandweerhoof wees.

(ii) Die genoemde deur moet na buite oopgaan en moet in die algemeen so geplaas en in verhouding tot mekaar in besonder sover van mekaar af wees, dat mense binne-in die lokaal in geval van brand of ander gevaar vry en ongehinderd by albei die deure gelyktydig kan uitkom.

(d) Alle vensterrame moet van metaal gemaak wees, moet ruite van splintervrye draadglas in hê, en moet van die tipe wees wat oopgemaak kan word. Elke afsonderlike ruit mag nie groter as 450 mm x 450 mm wees nie.

(e) Geen droogskoonmaaklokaal mag onder of bokant 'n ander vertrek of gebou wat nie tot voldoening van die Brandweerhoof voorsien is met voldoende fasiliteite vir die veilige ontsnapping van die mense daarin in die geval van brand, geleë wees nie.

(f) Geen droogskoonmaaklokaal mag in die kelderverdieping van 'n gebou geleë wees nie, of so diep dat die oppervlak van die vloer meer as 600 mm onderkant die algemene vlak van die grond in die onmiddellike omgewing daarvan is nie.

*Ventilasie van Droogskoonmaaklokaal.*

100. Elke droogskoonmaaklokaal moet geventileer word deur middel van 'n meganiese stelsel van uit- en inlaatventilasie in ooreenstemming met en wat voldoen aan die bepalings van artikels 56 en 86(2).

## SPUITLOKALE.

*Registrasie van Spuitlokale.*

101.(1) Niemand mag enige voertuig of artikel met vlambare vloeistof in 'n vertrek of gebou spuit, laat bespuit, of toelaat dat dit bespuit word nie, tensy sodanige persoon in besit van 'n spuitpermit ten opsigte van sodanige lokaal of gebou is.

(2) Such permit shall only be valid for the period terminating on the next succeeding 31st day of December.

(3) The provisions of section 5 to 12 inclusive and 15 shall apply *mutatis mutandis* to a permit in terms of this section.

*Issue of Spray Room Permit.*

102. No spray room permit shall be granted in respect of any spray room unless and untill such room complies with the requirements of these by-laws.

*Construction of Spray Room.*

103. (1) Subject to the provisions of subsection (4), every spray room shall be constructed in accordance with the following requirements:—

(a) The walls shall be constructed of brick or concrete of a minimum thickness of 100 mm or any other material which, in the opinion of the Chief Fire Officer, is suitable for the purpose, the floor shall be constructed of concrete or other impervious material to the satisfaction of the Chief Fire Officer and the roof shall be constructed of reinforced concrete.

